



FREE STATE PROVINCE

PROVINCIAL GAZETTE

PROVINSIALE KOERANT

PROVINSIE VRYSTAAT

Published by Authority

Uitgegee op Gesag

No. 22

BLOEMFONTEIN, 05 MARCH 2004

BLOEMFONTEIN, 05 MAART 2004

OFFICE OF THE PREMIER	KANTOOR VAN DIE PREMIER	OFISI YA TONAKGOLO
<p>No. 1 05 March 2004</p>	<p>No. 1 05 Maart 2004</p>	<p>Nomoro ya 1 05 Tlhakubele 2004</p>
<p>It is hereby notified that the Premier has assented to the following Act which is hereby published for general information:-</p>	<p>Hierby word bekend gemaak dat die Premier die onderstaande Wet bekragtig het, wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:-</p>	<p>Mona ho tsebiswa hore Tonakgolo e ananetse Molao o latelang o tla phatlalatswa bakeng la tlhahisoleseding ya kakaretso:-</p>
<p>No. 1 of 2004 : Free State Initiation School Health Act, 2004</p>	<p>No. 1 van 2004 : Vrystaatse Inisiasieskoolgesondheidswet, 2004</p>	<p>Wa Nomoro ya 1 wa 2004 : Molao wa Bophelo bo Botle o mabapi le Mephato Freistata, 2004</p>

WET

Om voorsiening te maak vir die nakoming van gesondheidsstandaarde in tradisionele Inisiasieskole; om voorsiening te maak vir die verlening van toestemming vir die uitvoering van 'n besnydingsoperasie en die hou van Inisiasieskole; en om voorsiening te maak vir verwante aangeleenthede.

DAAR WORD BEPAAL deur die Provinsiale Wetgewer van die Provinsie Vrystaat, soos volg:-

(Engelse teks deur die Premier bekragtig en geteken.)

5

Woordskrywing

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken-

10

“besnyding” die besnyding van 'n persoon as deel van 'n tradisionele praktyk;

“chirurgiese instrument” 'n instrument wat gebruik word vir die uitvoer van besnyding, en “instrument” het 'n ooreenkomstige betekenis;

15

“Departement” die Departement van Gesondheid in die Provinsie;

“Departementshoof” die Departementshoof van die Departement van Gesondheid in die Provinsie;

20

“Distrik Mediese Beampte” 'n mediese beampte waarna in artikel 2 verwys word;

“hierdie Wet” sluit regulasies in wat onder die Wet uitgevaardig is;

25

“ingewyde” 'n persoon in enige stadium van die inisiasieproses soos in hierdie Wet beoog;

“Inisiasieskool” 'n plek waar een of meer ingewydes ingewy word, waarna ook verwys word as “LEBOLLO”, “BOGWERA” of “BOJALE”;

30

“koerant” die *Provinsiale Koerant* van die Provinsie;

“LUR” die Lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir Gesondheid in die Provinsie;

35

“Mediese Praktisyn” 'n persoon wat as sodanig onder die Wet op Gesondheidsdiensberoep, 1974 (Wet No. 56 van 1974) geregistreer is;

“Omgewingsgesondheidsbeampte” 'n persoon waarna in artikel 9 verwys word wat 'n Inisiasieskool moet inspekteer;

“ouer” –

- (a) die ouer van ‘n ingewyde of ‘n voornemende ingewyde; of
 (b) die persoon met wettige aanspraak op sorg vir ‘n ingewyde of ‘n voornemende ingewyde; 5

“Provinsie” die Vrystaat Provinsie ingestel deur artikel 103 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet No. 108 van 1996);

“toestemming” toestemming in die vorm van ‘n dokument bedoel deur Aanhangsels A en B, wat deur die Distrik Mediese Beampte ingevolge artikel 8(1)(a) uitgereik word; 10

“tradisionele instrument” ‘n instrument wat deur ‘n tradisionele snydokter vir die uitvoering van ‘n besnyding gebruik word; 15

“tradisionele owerheid” ‘n tradisionele owerheid wat gestig is ingevolge ‘n wet wat erken word deur artikel 211 van die Grondwet;

“tradisionele praktyk” behels ‘n praktyk volgens die gewoonte, godsdiens of enige reëls van soortgelyke aard; 20

“tradisionele snydokter” ‘n persoon wat opgelei en ondervindig het vir die uitvoering van tradisionele besnyding en behandeling van ingewydes; en 25

“voorgeskryf” by regulasie voorgeskryf.

Toestemming om ‘n Inisiasieskool te hou of om ingewydes te behandel

2. (1) ‘n Persoon mag nie ‘n Inisiasieskool hou of ‘n ingewyde behandel nie sonder om ‘n aansoek in te dien en skriftelike toestemming te verkry vanaf die Distrik Mediese Beampte vir die distrik waarin die Inisiasieskool gehou of die ingewyde behandel word: Met dien verstande dat die subartikel nie van toepassing is op die behandeling van ‘n ingewyde in ‘n hospitaal of deur ‘n gekwalifiseerde mediese praktisyn nie. 30
- (2) Die LUR moet die aansoekprosedures voorskryf, wat die volgende moet insluit:
- (a) goedkeuring deur die Plaaslike Munisipaliteit; 40
- (b) goedkeuring van die Tradisionele Owerheid waar van toepassing;

- (c) toestemming van die ouer van ingewydes jonger as 18 jaar;
- (d) Mediese en Omgewingsgesondheidsvereistes; en
- 5 (e) bewys van ondervinding en kundigheid betreffende die hou van 'n Inisiasieskool.

10 (3) Die Distrik Mediese Beampte, of 'n persoon wat die Distrik Mediese Beampte bystaan en in die teenwoordigheid van die Distrik Mediese Beampte, moet die voorgeskrewe vereistes wat in die aansoekvorm vermeld word, voorlees in die amptelike taal wat verstaan word deur die persoon wat om toestemming aansoek doen.

15 (4) Die tradisionele snydokter wat aansoek doen om 'n Inisiasieskool te hou of ingewydes behandel moet die dokument bedoel in Aanhangsel B in die Skedule voltooi en die Distrik Mediese Beampte moet dit ook onderteken om te verklaar dat die voorwaardes daarin vermeld noukeurig aan die tradisionele snydokter verduidelik is in 'n amptelike taal wat deur die tradisionele snydokter verstaan word.

20

Toestemming deur ouer

25 3. (1) Die ouer van 'n voornemende ingewyde moet, ten opsigte van 'n voornemende ingewyde onder die ouderdom van 18 jaar, die toestemmingsvorm bedoel in Aanhangsel C voltooi en onderteken.

(2) Die ouer van 'n ingewyde moet, benewens alle ander verantwoordelikhede van sodanige ouer ten opsigte van die ingewyde, bystand en samewerking lewer soos voorgeskryf in belang van die gesondheid van die ingewyde, versoek word.

30

(3) Die voornemende ingewyde wat 18 jaar of ouer is en wat nie ouerlike toestemming benodig nie, moet 'n toestemmingsvorm bedoel in Aanhangsel D voltooi en onderteken.

35

(4) 'n Persoon, met inbegrip van die ouer van 'n ingewyde, mag nie met die Distrik Mediese Beampte inmeng of hom in die uitvoering van sy of haar pligte onder hierdie Wet belemmer nie.

40

Ingewydes

4. (1) Die minimum ouderdom vir ingewydes is soos voorgeskryf.

- (2) Alle ingewydes moet voor toelating tot 'n Inisiasieskool oor 'n mediese verslag beskik wat getuig van goeie gesondheid, nie ouer as 30 dae is nie en op 'n voorgeskrewe vorm voltooi is vanaf 'n primêre gesondheidsorgverpleegkundige of 'n mediese praktisyn. 5
- (3) Dit is 'n oortreding om 'n ingewyde tot 'n Inisiasieskool toe te laat sonder sy uitdruklike ingeligte toestemming of die toestemming van 'n ouer.
- (4) Die tydperk vir inisiasie mag nie twee kalendermaande oorskry nie. 10

Beperking van persoon wat 'n ingewyde behandel

5. (1) 'n Ingewyde mag nie op enige stadium gedurende of ná die hou van 'n Inisiasieskool 'n ander ingewyde behandel of poog om te behandel nie. 15
- (2) Slegs die tradisionele snydokter, mediese praktisyn, die Distrik Mediese Beampste of 'n ander persoon wat deur die Distrik Mediese Beampste daartoe gemagtig is, mag 'n ingewyde behandel.

Toestemming om 'n besnyding uit te voer

6. (1) 'n Tradisionele snydokter mag nie 'n besnyding in die Provinsie uitvoer sonder die skriftelike toestemming van die Distrik Mediese Beampste vir die distrik waar die besnyding gedoen moet word nie: Met dien verstande dat die subartikel nie van toepassing is op die behandeling van 'n ingewyde in 'n hospitaal of deur 'n gekwalifiseerde mediese praktisyn nie. 25
- (2) (a) 'n Tradisionele snydokter kan soos voorgeskryf aansoek om toestemming doen om 'n besnyding uit te voer en sodanige toestemming kan slegs verleen word indien die voorwaardes in Aanhangsel A bedoel, nagekom word. 30
- (b) Die Distrik Mediese Beampste kan:
- (i) die gebruik van 'n chirurgiese instrument weier wat die tradisionele snydokter beoog om te gebruik; en 35
- (ii) 'n geskikte chirurgiese instrument voorskryf of voorsien waar die gebruik van 'n bepaalde instrument ingevolge subparagraaf (1) geweier is. 40
- (c) Waar 'n geskikte chirurgiese instrument ingevolge paragraaf (b)(ii) voorskryf of voorsien word, moet die betrokke Distrik Mediese Beampste of iemand wat deur die Distrik Mediese Beampste daartoe gemagtig word, aan die tradisionele snydokter demonstreer of hom oplei oor die gebruik daarvan. 45

(d) Die Distrik Mediese Beampte, of 'n persoon wat sodanige Distrik Mediese Beampte bystaan, moet die voorwaardes voorlees in die amptelike taal wat deur die tradisionele snydokter wat om toestemming aansoek doen, verstaan word.

5

(e) Die tradisionele snydokter wat om toestemming aansoek doen om 'n besnyding uit te voer en die Distrik Mediese Beampte moet die dokument voltooi wat die voorwaardes bevat wat in Aanhangsel A bedoel word.

10

(3) 'n Tradisionele snydokter wat aansoek om toestemming gedoen het om 'n besnyding uit te voer, moet binne een maand vanaf die datum van die aansoek, bewys indien van nakoming van die voorwaardes waarna in Aanhangsel A verwys word, by gebreke waarvan die aansoek verval.

15

(4) 'n Tradisionele snydokter wie se aansoek soos beoog in subartikel (3) verval het, kan van nuuts af by die betrokke Distrik Mediese Beampte om toestemming aansoek doen, en die bepalings van hierdie Wet sal geld asof daar vir die eerste keer aansoek gedoen word.

20

Geldigheidsduur van toestemming

7. (a) Die geldigheidsduur van toestemming ingevolge hierdie Wet toegeken, is soos voorgeskryf.

25

(b) Wanneer 'n bestaande vaste termyn toestemming verval en 'n aansoek vir die hernuwing daarvan by die Distrik Mediese Beampte ingedien is, bly sodanige toestemming geldig totdat die aansoek afgehandel is.

30

Bevoegdhede en funksies van die Distrik Mediese Beampte

8. (1) Die Distrik Mediese Beampte moet, benewens enige ander bevoegdhede en funksies aan hom of haar toevertrou deur of ingevolge die Wet, die volgende bevoegdhede en funksies beoefen en uitvoer:

35

(a) uitreiking van toestemming om 'n ingewyde te besny of behandel;

(b) hou van rekords en statistieke wat met besnyding verband hou en daarvoor verslag doen, soos aan die Departement voorgeskryf;

40

(c) 'n ingewyde na 'n gesondheidsinstelling verwys indien nodig;

(d) opdrag gee dat 'n Inisiasieskool gesluit word waar sodanige skool die bepalings van hierdie Wet oortree.

- (2) Die Distrik Mediese Beampte het die reg van toegang tot enige perseël of kan enige geleentheid of aanleg bywoon waar besnyding uitgevoer of 'n ingewyde behandel word.

Aanwysing van Omgewingsgesondheidsbeampte 5

9. Die LUR moet ten minste een Omgewingsgesondheidsbeampte per distrik skriftelik aanwys as 'n inspekteur vir Inisiasieskole.

Pligte en verantwoordelike van Omgewingsgesondheidsbeampte 10

10. Die Omgewingsgesondheidsbeampte moet 'n Inisiasieskool inspekteer om seker te maak dat -

- (i) die toevoer van skoon water voldoende is; 15
- (ii) daar aanvaarbare wasgeriewe is;
- (iii) die voedsel op 'n higieniese wyse berei word; 20
- (iv) daar voldoende beskutting teen die natuurlike elemente is;
- (v) daar geen ander faktore in die omgewing aanwesig is wat ingevolge enige ander toepaslike Wet 'n negatiewe inwerking op die lewens of gesondheid van die ingewydes kan hê nie; 25
- (vi) Die instrumente vir besnyding gehou, voorberei en gebruik word op 'n wyse wat nie enige risiko van besering, siekte of dood vir die ingewyde inhou nie.

Strawwe 30

11. (1) 'n Persoon wat die bepalings van artikels 2(1), 3(4) en 5 oortree, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding blootgestel aan 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande. 35

- (2) 'n Persoon wat die bepalings van artikel 6(1) oortree is skuldig aan 'n oortreding, en by skuldigbevinding blootgestel aan 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens tien jaar, of gevangenisstraf vir 'n tydperk van vyf jaar sonder die keuse van 'n boete.

Appèl teen die besluit geneem deur die Distrik Mediese Beampte

- 5
10
15
20
12. (1) Die voornemende aansoeker vir die hou van 'n Inisiasieskool of die behandeling van ingewydes en die uitvoering van besnyding kan by die Hoof van die Departement appèl aanteken indien hy of sy nie tevrede is nie met die besluit geneem deur die Distrik Mediese Beampte ingevolge artikels 2(1) en 6(1).
- (2) Die appèl moet binne 30 dae ingedien word vanaf die datum nadat kennisgewing van die besluit van die Distrik Mediese Beampte ontvang is.
- (3) In die appèl moet vermeld word:
- (a) Die besluit waarteen geappelleer word;
- (b) Die gronde waarop die appèl gebaseer is.
- (4) Die Hoof van die Departement moet binne 14 dae na ontvangs van die appèl reageer, en die appellant moet behoorlik oor die uitslag in kennis gestel word.

Regulasies

- 25
13. Die LUR kan regulasies uitvaardig met betrekking tot enige aangeleentheid wat na mening van die LUR nodig of wenslik sal wees om die mikpunte die Wet te verwesenlik.

Korttitel

- 30
14. Die Wet heet die Vrystaatse Inisiasieskoolgesondheidswet, 2004.